

Volksmusiek in Suid-Afrika

'n Unieke Improvisasiekuns aan die Verdwyn

[Die skrywer van hierdie belangwekkende stuk is 'n Hollander wat hom 'n tyd gelede in Suid-Afrika gevestig het. Hy is musikus van beroep en het hom sedert sy aankoms in ons land besig gehou met ondersoekinge waarvan enkele merkwaardige resultate uit die artikel op hierdie bladsy blyk. Graag onderskryf ons sy pleidooi vir 'n grondige ondersoek na ons volksmusiek, en belangstellende lesers wil ons versoek om materiaal wat hulle moontlik mag besit tot sy beskikking te stel. Briewe aan mnr. Van Warmelo kan aan ons geadresseer word. — RED.]

DIE algemene belangstelling vir die histories-kulturele ontwikkeling van Suid-Afrika word met die dag groter. Tal van bevoegde mense doen navorsing op feitlik elke gebied en lig die publiek in deur middel van boeke en tydskrifartikels wat blykbaar met graagte gelees word. As vanself kom in hierdie verband die vraag op of ondersoek na ons volksmusiek nie ook geregverdig is nie en of daar hier in Suid-Afrika nog iets te vind is wat wys op 'n besit van volksliedere uit die verlede en op 'n musiekkultuur wat in die toekoms mag ontwikkel.

In die afgelope twintig jaar het hier verskyn die *Afrikaanse Volksliedjies* van S. P. E. Boshoff en L. J. du Plessis wat veral literêr van groot waarde is; die *Ou Liedjies* van C. J. Langenhoven; die pragtige standaardwerk oor *S.A. Volkspoësie* van dr. S. J. du Toit met 'n aantal goed genoteerde wysies; en die musikaal baie belangrike boek van dr. I. D. du Plessis, *Die Bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied*, waarin 'n skat van tot nog toe onuitgegewe Afrikaanse, Afrikaans-Nederlandse en ook in Nederland onbekende Nederlandse melodieë opgeneem is.

Naas hierdie spesiale werke oor die volkslied (ek noem slegs enkele) het daar op verskillende ander gebiede uitgewes verskyn wat eweneens waardevolle gegewens verstrek oor die volksmusiek en oor musiekmaak in die ou

tyd: E. T. Schonken maak in sy boek, *De Oorsprong der Kaapsch Hollandische Overleveringen*, in 'n voetnoot op bladsy 30 die opmerking dat die stigtelike liedere van Sluiter en Groenewegen deur die pioniers op selfvervaardigde wysies gesing is, „van welke (C.N.G.) du Plessis sich nog vele herinnert”. Schonken gee buitendien 'n aantal volksliedere met suiwer genoteerde musiek. Ook Jochem van Bruggen (*Die Huisgenoot*, 20 Desember 1940) vermeld dat „Ons moeders egter oorewend uit die godsdienstige bundel van Sluyters gesing het” en hy vermoed dat die wysies eie gekomponeerde wysies was. Professor Percival R. Kirby (*Bantu Studies*, Vol. 10, no. 4) vermeld 'n agttal Hollands-Afrikaanse melodieë wat deur hom opgeteken is by die Boesmans in die Kalahari; dr. J. H. Rademeyer gee Nederlandse gedigte van Griekwas in sy studies oor Kleurlingafrikaans en het my persoonlik meegedeel dat dit baie moontlik is dat Nederlandse volksliedjies by die Griekwas teruggevind kan word. Ook moet

ons nie die kosbare wenke vergeet wat Gustav S. Preller bv. in sy boek *Voortrekkermense* (Bylae 3, „Die Lied van die Voortrek”) en prof. dr. J. J. le Roux en ds. A. P. Smit in die Eeufeesgedenkuitgawe van *Die Saamwerk* gee nie, ens., ens.

Kortom al hierdie en ander bronne (tydskrifartikels is in hierdie opsomming vrywel nie genoem nie) vorm saam 'n erkenning dat hier in Suid-Afrika altyd gesing, gedans en musiek-gemaak is, en dit laat 'n mens vermoed dat jy hiervan nog maar bitter min weet. En nogmaals rys die vraag of 'n ontdekkingstog in hierdie nog vrywel onontgonne terrein nie van historiese belang kan wees en selfs waarde kan hê vir die toekomstige ontwikkeling van die nasionale musiekkultuur nie. 'n Enkele woord oor hierdie veronderstelde nasionale musiekkultuur. Hiermee bedoel ek nie die kunsmusiek wat op Europese lees geskoei is en waarin gebruik gemaak word van Afrikaanse motiewe nie. Ek bedoel 'n werklik eie kultuur wat hier ontstaan het ten ge-

volge van klimaats- en lewens-omstandighede en uit die innerlike behoefte om, hoe dan ook, uiting in musiek te gee — 'n kultuur wat dus vry is van vreemde en on-Afrikaanse dwangvoorskrifte en reëls.

My kennis van die Afrikaanse volksmusiek is nog maar baie gering, en dit is dus moontlik dat ek my vergis. Maar tog het enkele ervarings wat ek opgedoen het my die oortuiging geskenk dat Suid-Afrika 'n eie musiekkultuur het wat nog vrywel aan sy begin staan en wat tewens weer besig is om te verdwyn.

My ondersoekings het my op die spoor gebring van liederwysies van psalm 130, is 'n tyd lank opgeneem in ek het ek spore ontdek van die so ewe genoemde eie Afrikaanse musiekkultuur.


Die bestaan van hierdie liederwysies is bekend, want een daarvan, dié van psalm 130 is 'n tyd lank opgeneem in *Die Nuwe Halleluja*. Maar hulle is nie versamel nie, en na my wete is daar ewe min oor geskryf. Die oorsaak hiervan moet ongetwyfeld gesoek word in die feit dat die Afrikaanse volkslied tot nou toe hoofsaaklik literêr bekyk is, en vanuit hierdie gesigspunt beskou het die genoemde wysies vir die volksliednavorsers nie die minste waarde nie. Musikaal is dit egter anders.

'n Aantal van hierdie liederwysies kon ek noteer, enkele daarvan twee, en een selfs vier maal. Getrou aan my gewoonte het ek so nougeset as moontlik noteer wat die sanger my voorgesing het. Daarby het ek tot die verrassende ontdekking gekom dat vrywel elke voorgesonge melodie 'n variant moes wees van 'n oorspronklike komposisie wat my in die reël onbekend was. In die eerste plek het die toeval my 'n variasie van die so ewe vermelde liederwysie van Psalm 130 in die hand gespeel. Ek het dit noteer met behulp van die heer M. W. Smuts van Zeerust (Voorbeeld I). In hierdie eenvoudige variasie kan 'n mens die melodie maklik terugvind soos dit algemeen bekend is. Enkele melodienote is verander en die gangbare omspeling van


Wil naar mijn smeekstem horen


is weggelaat. Hieruit mag miskien opgemerk word dat die wysie soos dit in *Die Nuwe Halleluja* voorkom op sigself (Vervolg op bladsy 45.)

deur Willem van Warmelo


I. 

Uit die-ep-ten va-an el-le-en-den Hoep i - ik met mo-ond en hart Wil
Tot U - u die hei-eil kunt ze-en-den O-o He-er aanschouw mijn smart.





naar mijn smeekstem hoo - ren! Merk op mijn jam-mer-klacht: Ver-



le-en mij gu-un-stig o - o-ren, Daar'k i - in mijn dru-uk ver - smacht.

II. 


Groot en eeu-wig Opper-we-zen! Leer te vree-zen, Straf mij in uw gramschapriet:
Toon mij toch, dat uw kas-tij-den, In mijn lij-den, Uit geen grim-mig-heid geschiedt.


III. 


Groot en eeu-wig Op-per-we-zen! Leer te vree-zen,


Straf mij in uw gram-schapriet: Toon mij toch dat uw kas-


tij-den, In mijn lij-den, Uit geen grim-mig-heid ge-schiedt.

IV. 

Heer ons, Va-der, u ver-bei-den, Volgen waar Gij ons wilt lei-den, Steu-


nen op uw trouw en magt, Pe-sal-men zin-gen in den nagt, in den


nagt, Pe-sal-le-men zin-gen in den nagt.

Volksmusiek in Suid-Afrika

(*Vervolg van bladsy 15.*)

ook reeds 'n variasie is van 'n strenger gehoue oorspronklike melodie. Baie ongelooftwaardig klink hierdie veronderstelling nie as 'n mens rekening hou met wat my met die liederwysie van Psalm 38 oorgekom het.

Hierdie wysie het ek opgeteken van mev. A. D. E. Booysen in Bronkhorst-spruit (Voorbeeld II). Dit het enigsins my verwondering opgewek omdat dit my vir 'n liederwysie 'n bietjie primitief, 'n bietjie te streng en te ongekunsteld aangedoen het — 'n bietjie te veel in dieselfde styl met die offisiële Psalmmelodieë. Toe ek by die huis kom, merk ek dat ek reeds 'n liederwysie van Psalm 38 het soos ek dit opgeneem het van die heer H. C. Havinga van Steenbokfontein (Voorbeeld III). Ek het albei liederwysies vergelyk en ontdek toe tot my groot verrassing dat die eenvoudige wysie uit Bronkhorst-spruit (Voorbeeld II) as 't ware die toonpatroon was waarop die lewendige ander wysie uit Steenbokfontein (Voorbeeld III) geborduur was.

Hierbo het ek reeds gesê dat ek vermoed het dat die wysies oor die algemeen nie in hul oorspronklike staat aan my voorgesing is nie. Hier kon ek nou die baie eenvoudige en strenge oorspronklike tema en die daaruit voortgespruite ryk gevarieerde improvisasie in driekwartsmaat, wat die heer Havinga vir my voorgesing het, langs mekaar lê. Uit hierdie ontdekking het die volgende vir my duidelik geword: Verstoek van gereelde openbare godsdiensoefeninge en by gebrek aan voldoende musiekkennis, aan Psalmboeke en goeie voorligting, het die mense vroeër self in die streng kerklike styl melodieë by Psalms en Gesange gefantaseer waarvan hulle die bestaande melodie vergeet het of nog nie geken het nie. Die toegewyde ontroering tydens die huisgodsdiensoefening en die erns waarmee hierdie liedere versin en gesing is, het 'n geestelike spanning laat ontstaan, 'n soort inspiratiewe toestand waardeur die sanger nie meer genoeg kon neem met die aanvanklik strenge en eenvoudige selfgevonde melodie nie, maar waardeur hy hierdie melodie verfraai het met toegevoegde note, krullertjies, trillertjies en ander versierings. Hierdie voortdurende fantaseerdery het die improvisasietalent van die Afrikaner gekweek, en op hierdie wyse is kuns-werkies gebore soos die variant op die liederwysie van Psalm 38 sóos die heer Havinga my dit gegee het.

Laat ons goed in die oog hou dat die sangers vry geïmproviseer het en hulle nie gebonde gevoel het deur reëls en voorskrifte nie. So was dit moontlik dat deur uitbreiding van die aantal note uit die stugge vierkwartsmaat, 'n soepeler driekwartsmaat ontstaan het. So was dit eweneens moontlik dat vrye ritmes ontstaan het los van die tirannie van die maatstreep. Die liederwysie van Gesang 27 wat die heer E. S. Myburgh van Silverstreams aan my voorgesing het, is 'n voorbeeld hiervan (Voorbeeld IV). Op die eerste gesig lyk die maatwisselings 'n bietjie vreemd — en tog is dit 'n eenvoudige geval — maar as 'n mens die melodie rustig en gelykmatig deursing, dan blyk dit dat dit volkome logies en soepel ontwikkel.

Die oorspronklike liederwysie van hierdie gesang kon ek nog nie vind nie; dit kan egter enigsins afgelei word deur vergelyking van hierdie variasie met 'n ander een wat ek ook in die hande gekry het.

As ons by die beoordeling van die liederwysies een maal die vir ons algemeen geldende maatstawwe oorboord gooi, as ons rekening daarmee hou dat die maatstreep nie altyd die betekenis het en gehad het wat ons daaraan heg nie, dat dit 'n uitvinding van latere tye is, 'n rem, wat die vrye gedagteontplooiings bemoeilik, en as ons bedink dat daar nog ander soorte musiek is wat, opgebou volgens eie wette en norme, 'n groot mate van volmaaktheid bereik het, dan kan ons begryp dat, gesien die baie sterk indruk wat hierdie liederwysies op ons maak, ons hier moontlik te doen het met 'n op sigself staande musiekkultuur, 'n improvisasiekuns wat met reg uniek in die wêreld genoem mag word.

Hierdie kuns is egter ook weer besig om te verdwyn, want ook hier eis die moderne lewe sy tol. Die radio bring die musiek in die huis, selfs tot op die mees afgeleë plekke, en die mense hoef hulle nie meer in te span om self melodieë te vind nie. Die ou wysies word verdring deur nuwes, en met hierdie ou wysies gaan ook die Afrikaanse improvisasiekuns verlore.

Om terug te kom op die punt waarvan ek uitgegaan het, meen ek dat ek op die vraag of volksmusiekondersoek in Suid-Afrika geregverdig is, volmondig „ja” mag antwoord. Vir die musieknavorsers en vir die historikus in die algemeen sal so 'n ondersoek van belang wees, omdat dit lig sal werp op 'n baie merkwaardige volkskuns. Maar vir die Afrikaner sal daaruit ook 'n *bewuswording van eie musikale roeping* kan voortvloei, en as sodanig sal so 'n ondersoek praktiese resultate kan afwerp.